



eduresourceza.com

AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL
GRAAD 12
HALFJAAR-EKSAMEN
KLUSTER - VRAESTEL 2

Eksaminator: Me. M Pitout, Me. A D'Arcy

Moderatore: Me. M Bruinders, Me. A D'Arcy, Me. M Robson

Tyd: 2½ uur

100 punte

DATUM: JUNIE/MEI 2023

LEES ASSEBLIEF DIE VOLGENDE INSTRUKSIES NOUKEURIG DEUR:

Hierdie vraestel bestaan uit **12 bladsye**. Maak asseblief seker dat jou vraestel volledig is.

1. Hierdie vraestel bestaan uit TWEE AFDELINGS:
(Kyk ook na die voorgestelde tydsindeling.)

Afdeling A - Letterkunde

[70 punte]

(100 minute)

Afdeling B - Transaksionele skryfwerk

[30 punte]

(50 minute)

2. Beantwoord AL die vrae in ALBEI afdelings.
3. **Beplan** jou paragraaf- en opstelvraag asook albei transaksionele skryfstukke deeglik voordat jy jou finale weergawe neerskryf.
4. Begin **elke vraag** op 'n **nuwe bladsy**.
5. Nommer jou antwoorde soos die vrae op die vraestel.
6. ALLE vrae moet **in Afrikaans** beantwoord word.
7. Let op die puntetoekenning by elke vraag.
8. Dit is in jou eie belang om leesbaar te skryf en jou werk netjies aan te bied.


AFDELING A LETTERKUNDE**INSTRUKSIES VIR AFDELING A**

1. Beantwoord **AL VIER** die vrae.
2. Begin elke vraag op 'n **nuwe bladsy**. Skryf die vraagnommer bo-aan die bladsy.

BEPLANNING (*Vir paragrawe en langer skryfstukke*)

1. Dit is 'n goeie idee om 'n **opstel/paragraaf of langer skryfstukke** te beplan voordat jy dit neerskryf.
 - (a) Skryf die opskrif: **BEPLANNING** bo-aan.
 - (b) *Jou beplanning in hierdie afdeling word **nié bepunt nie** – dit is slegs om jou te help om die antwoord goed te formuleer.*
2. Let op die puntetoekenning tussen hakies by elke vraag.
3. Skryf die getal woorde aan die einde van Vraag 2, 4, 5 en 6 neer OF elke vraag waar die getal woorde gespesifiseer word.

VOORBEELD:

BEPLANNING (linkerkantse bladsy)  (Moenie te veel tyd aan die beplanning bestee nie.)	VRAAG 5 (regterkantse bladsy)  (bv. 205 woorde)
---	--

Beantwoord die volgende VIER vrae oor die roman, **Donker web** deur **Fanie Viljoen**.

VRAAG 1 KONTEKSTUELE VRAE



TEMA: ONS ALMAL VERDRINK IN DIE STILLIGHEID

“Almal vir wie ek lief is, word van my af weggevat.”

“Ma?” vra ek versigtig. Bang. Ek staan op, sit my arms om haar en druk haar styf teen my vas.

“Is Ma oukei?”

Geen antwoord nie.

(bl. 15)

- 1.1. Greg se ma (Rina) sukkel om die trauma wat sy die afgelope twee jaar ervaar het, te verwerk. **Hoe** raak Greg se ma ontslae van haar **diepste frustrasies**? [1]
- 1.2. **Waarom** is Greg en sy ma steeds daartoe instaat om hul luukse leefstyl voort te leef? [1]

TEMA: VIR DIE VAL. VIR DIE VREES.

Ek kry ‘n effense laggie toe ek instap, die lig aansit. ‘n Sagte gloed lê oor die kamer. Nog ‘n herinnering duisel in my kop.

(bl.13)

- 1.3. Hoe lyk John se kamer? [1]
- 1.4. Hoe **onthou** Greg sy broer, John? Noem enige **EEN** feit. [1]

Dit was verby.

Ma het soos ‘n verdwaalde uit die kar geklim en na die ambulans toe gestap. Ek en my pa het ‘n ruk stil in die motor bly sit. Toe sê Pa iets wat my so geskok het dat ek dit nog nooit aan iemand kon oorvertel nie.

(bl. 14)

- 1.5. **Waarom**, dink jy, het John selfmoord gepleeg? [1]
- 1.6. Wat het Greg se pa daardie nag in die motor vir hom gesê? [1]

Donderdagaand neem Greg ‘n vlug huis toe. Dit is die Goeie Vrydag langnaweek. Daar wag ‘n groot skok op Greg wanneer hy by die huis opdaag.

- 1.7. Greg besef dat sy ma ontrou teenoor sy pa is. **Wie** is haar minnaar? [1]
- 1.8. Waarom kan hierdie bogenoemde persoon moontlik die Baker wees? [1]

Weg is die onthougoed van my pa en ma en broer. Die donker dae.

- 1.9. Greg verwys na die verlede as die 'donker dae'. Na **watter skandaal** verwys Greg wat die Owen-gesin verpletter het? [1]

TEMA: EEN VAN ONS

Hy plak hom op die stoel langs my in die lesinglokaal neer. Stamp liggies met sy elmboog teen myne. "Jy is darem 'n emmer vol sonskyn, is jy nie?"

"Skies?"

"Dain February. At your service."

"Greg Owen."

"Ek weet. Almal weet."

"En?"

"En dit maak nie vir my saak nie. Jy is een van ons."

(bl.48)

- 1.10. Op watter manier '**help**' Dain vir Greg? [1]

- 1.11. Dain verwys na Greg as: 'Een van ons' – Wat, dink jy, het Dain hiermee bedoel? [1]

TEMA: MITOLOGIE

Ek skeur my blik weg van die onderwêreldse vrou en tuur weer die donker in. Moes Xander nie al hier gewees het nie? Dalk het ek hom misgeloop. Dis maklik in die halfdonker. My oë soek angstig na iemand met Xander se bou, sy lengte, sy manier van loop. (bl.134)

- 1.12. Greg staan voor die standbeeld van 'n bekende Griekse mitologiese figuur in die Basilica Cistern. Wat is die **naam** van hierdie standbeeld? [1]

- 1.13. **Waarom**, dink jy, kan die Baker as 'n giftige slang gesien word? [1]

"Maar jy moet weet, hierdie onderwêreldse schemes, die mense wat daar wheel en deal, dis alles soos 'n massiewe Gordiaanse knoop."

Ek frons.

"Dis 'n legend, seun. 'n Tou wat so styf aan 'n paal vasgemaak was, dat jy nie kon sien hoe dit geknoop is nie, of waar dit begin en die einde van die tou is nie. (bl.107)

- 1.14. **Hoe** het Greg in 'n Gordiaanse knoop beland? [1]

"Was die sondes af, nie net die gesig nie." sê Xander met 'n donkerte in sy stem, sy oë onpeilbaar. Dit laat 'n rilling langs my rug afgly.

"Die vreemde woorde op jou blog?" vra ek.

"Die inskripsie was ook by die ou Hagia Sophia op een van die steenvonte. Vandag nie meer nie. Was ook die sondes af, nie net die gesig nie."



'Wat beteken dit?"

(bl.175)

- 1.15. Xander het hierdie Griekse palindroom ook aan Greg in Stellenbosch gestuur voordat hy besluit het om Greg te help. Wat, dink jy, **beteken hierdie woorde**? [1]

- 1.16. Watter ander mitologiese simbool gebruik Xander later in die boek om aan Greg om **verskoning** te vra vir dit wat hy aan Greg en sy familie gedoen het? [1]
- 1.17. In hierdie roman, kan water ook die dood meebring. Verwys na 'n voorbeeld in die boek waar water die dood gebring het. [1]

[17]



[Bron: GoogleImages]

VRAAG 2 PARAGRAAF

TEMA: GEBROKE VERHOUDINGS

Die dag toe die geraamtes uit die kas val, was beslissend vir die Owen-gesin.

- 2.1. Greg en sy ma moes teruggaan na Lawson Kollege om sy goed te gaan haal. Hoe het sy gewese Lawson Kollege-skoolmaats teenoor hom opgetree? [1]
- 2.2. Greg het besluit om sy flitslig en blinddoek wat hy as trapper gekry het, agter te laat. Waarom, dink jy, het Greg hierdie items agtergelaat? [1]
- 2.3. Greg en TJ is nie meer vriende nie. Bespreek die rede waarom hulle nie meer vriende is nie. [1]
- 2.4. Waarom moes Greg en Nicole destyds opbreek? [1]
- 2.5. In watter omstandighede bevind Nicole haarself nou? [1]
- 2.6. Hoe voel Greg nou oor Nicole? [1]

Xander, die duiwel self ...

- 2.7. Waarom verwys Greg na Xander as die duiwel? Bespreek volledig. Noem enige twee feite. [2]

2.8 TEMA: PLANK

Op daardie oomblik besef ek wat Plank nog altyd vir my beteken het. Op skool het ek my misreken en Xander as 'n broer gesien, maar eintlik het Plank soos 'n broer vir my geword. Sy uitkyk op die lewe is so uniek. Die een oomblik is hy die party animal, dan die diep siel wat filosofiese waardes oopklief.

Alhoewel Plank as 'n 'klasc clown' en 'party animal' beskryf word, kan hy soms ook ernstig en diepdenkend wees. Skryf 'n paragraaf van tussen 80-120 woorde oor die vele fasette van Plank.

In jou paragraaf moet jy aan die volgende aandag gee:

- Waar het Greg en Plank se vriendskap begin? [1]
 - Hoe voel Plank aan die begin van die verhaal oor die studentelewe en sy studies? [1]
 - Plank beskryf homself en Greg as 'klone' van hul pa's. Bespreek kortliks wat hy hiermee bedoel. [1]
 - Sal jy sê dat Plank ernstig voel oor sy verhouding met Lisa? Motiveer jou antwoord. [1]
 - Waarom móés Plank saam met Greg Istanboel toe gaan? Noem enige twee feite. [2]
 - Met wie het Plank bevriend geraak in Istanboel? [1]
 - Waarom het Plank met die bogenoemde persoon bevriend geraak? [1]
 - Waarom wou Xander nie toelaat dat Plank saam met hulle Florence toe gaan nie? [1]
 - Waarom, dink jy, is Plank eintlik die een wat vir Greg soos 'n broer is? [1]
- [10]**

[18]

VRAAG 3 DIALOOGVRAAG**TEMA: 'N GESPREK MET AYL**

Greg en Ayla gesels oor dokter Trollip as moontlike verdagte.

Voltooi die volgende dialoog tussen **Greg en Ayla**. Skryf **SLEGS** die vraagnommer en **Greg** se woorde op jou antwoordblad neer. Laat 'n reël oop na elke antwoord.

- Ayla: Ek sien jy het reeds navorsing oor moontlike verdagtes gedoen. Jy het genoem dat dokter Trollip een van jou verdagtes was. Jy het ook genoem dat hulle altyd so verlief gelyk het by jou pa se partytjies. Waarom het mevrou Trollip besluit om van haar man te skei?
- Greg:** **3.1.** [1]
- Ayla: Wat het toe van dr. Trollip geword?
- Greg:** **3.2.** [1]
- Ayla: Jy het genoem dat dr. Trollip se vrou se tong gesleep het toe jy met haar oor die foon gesels het. Waarom, dink jy, drink sy so baie?
- Greg:** **3.3.** [1]
- Ayla: By watter maatskappy was dr. Trollip betrokke?
- Greg:** **3.4.** [1]
- Ayla: Hoe het jou broer destyds oor dr. Trollip gevoel?
- Greg:** **3.5.** [1]
- Ayla: Jy het genoem dat jy ook 'n man met silwergrys hare by jou pa se partytjies gesien het. Hierdie man het 'n spesifieke instrument gespeel. Kan jy onthou watter instrument die man gespeel het?
- Greg:** **3.6.** [1]
- Ayla: Waarom het jy aanvanklik gedink dat dr. Trollip moontlik die Baker kon wees?
- Greg:** **3.7.** [1]
- Ayla: Wie is die Butcher en die Candlestick-maker en wat het met elkeen gebeur?
- Greg:** **3.8.** [2]
- Ayla: Wat het daartoe gelei dat Regter Gericke doodgemaak is?
- Greg:** **3.9.** [1]
- [10]

VRAAG 4 LITERÊRE OPSTEL**TEMA: DIE GOED WAT JY MET JOU SAAMDRA****Opdrag:**

Skryf 'n opstel van tussen 250 en 400 woorde oor die dinge wat Greg met hom saamdra.

- Jou opstel moet 'n inleiding en 'n slotparagraaf hê. Hierdie paragrawe moenie te lank wees nie.
- Onthou asseblief om jou beplanning aan die agterkant van die bladsy te doen en dood te trek.
- Gebruik die kolpunte hieronder vir jou paragraafindeling.
- Die punte tussen hakies dui aan hoeveel feite verwag word.
- Skryf die getal woorde aan die einde van jou opstel neer.

1. Inleiding

2. Opsoek na 'n nuwe begin

- Voordat Greg sy ouerhuis verlaat, neem hy eers 'n foto van John. Waarom neem hy 'n foto van John? [1]
- By watter universiteit studeer Greg? [1]
- Watter kursus studeer Greg? [1]
- Wat hoop Greg om hier te vind? [1]
- Bespreek kortliks Greg se nuwe woonplek. [1]
- Hoe voel TJ Lawson oor Greg se studierigting? [1]
- Chloe het na Greg verwys as 'n sluiper. Waarom noem sy vir Greg 'n sluiper? [1]
- Dit word vinnig duidelik dat die ander studente vir Greg veroordeel. Verwys na enige een voorbeeld uit boek. [1]
- Greg voel baie eensaam. Bespreek kortliks hoe Lisa en Plank vir Greg beter laat voel? [1]

[9]

3. 'Skuld is 'n nuttelose menslike emosie'

- Waaroor, glo Greg, behoort TJ Lawson skuldig te voel? [1]
- "Die loser wat sy pa weggegee het" – Greg voel ongelooflik skuldig oor die omstandighede waarin sy pa homself nou bevind. Bespreek kortliks waarom Greg skuldig voel? [2]
- Chris Owen behoort skuldig te voel oor die dood van sy seun, John. Bespreek kortliks waarom Chris Owen behoort skuldig te voel oor sy seun se dood. [2]
- Greg laat vir Plank in die steek en hy voel ongelooflik skuldig oor sy besluit. Bespreek hoe Greg vir Plank in die steek gelaat het. [2]

[7]

4. Die soektog begin

- Greg besluit om na die Baker te begin soek. Waarom wil Greg die Baker vastrek? [1]
- Greg stel 'n moontlike profiel van die Baker saam. Noem enige twee karaktereienskappe van die Baker. [1]

- Die Baker weet dat Greg op sy spoor is, dus ontvang Greg vele dreigemente. Noem enige twee waarskuwings wat Greg van die Baker ontvang.

[2]

[4]

5. Slot

Assessering: 5 punte word toegeken vir 'n goed gestruktureerde opstel wat aan die konvensies van 'n opstel voldoen.

[5]

[25]

TOTAAL AFDELING A: 70 punte

AFDELING B TRANSAKSIONELE SKRYFWERK**INSTRUKSIES VIR AFDELING B****LET WEL:**


Tydens assessering van hierdie afdeling sal na die volgende gekyk word:

- kennis van die vereistes van die spesifieke skryftaak
- interpretasie van die opdrag
- inhoud en idees
- register en toon
- taalgebruik
- beplanning

BEPLANNING (*Vir paragrawe en langer skryfstukke*)

- Dit is 'n goeie idee om 'n **opstel, paragraaf of langer skryfstukke** te beplan voordat jy dit neerskryf.
 - Skryf die opskrif: **BEPLANNING** boaan.
 - Jou beplanning in hierdie afdeling word **nié bepunt nie** – dit is slegs om jou te help om die antwoord goed te formuleer.*
- Let op die puntetoekenning tussen hakies by elke vraag.
- Skryf die getal woorde aan die einde van elke langer vraag neer.

VOORBEELD:

BEPLANNING (linkerkantse bladsy)  (Moenie te veel tyd aan die beplanning bestee nie.)	VRAAG 5 (regterkantse bladsy)  (Bv. 205 woorde)
--	---

VRAAG 4

VRIENDSKAPLIKE E-POS



[<https://blog.verisign.com/getting-online/4-myths-about-using-a-branded-email-for-business/>]

Situasie:

Jou beste vriend bly in Kaapstad. Julle het besluit om aan die einde van julle matriekjaar saam te gaan vakandie hou. Julle eerste vakansie sonder julle ouers. Julle gaan mekaar in Plettenbergbaai ontmoet.

Opdrag:

Skryf 'n **e-pos** van tussen **150 -220 woorde** waarin julle die volgende bespreek/finaliseer;

- **datum, vervoer, kos;**
- **akkommodasie;**
- bespreek **plekke** wat jy graag wil besoek;
- **kostes** verbonde.

Instruksies:

- Verdeel jou paragrawe volgens die bostaande indeling.
- Jou e-pos moet ook 'n inleidings- en slotparagraaf hê.
- Die inhoud van jou e-pos moet tussen **150 en 220 woorde** lank wees.
- Skryf die getal woorde onderaan jou e-pos neer.
- Gebruik die **onderstaande struktuur vir jou e-pos**.

Aan	
Onderwerp	
Liewe _____	

[20]

VRAAG 5**ADVERTENSIE**

[Bron: GoogleImages]

Situasie:

Jy het 'n nuwe stokperdjie en het 'n kursus in fotografie voltooi. Jy besluit om sakgeld met jou nuwe vaardigheid te verdien. Jy is nog baie nuut, maar geniet die werk baie. Adverteer jou dienste op **Gumtree**.

Opdrag:

Skryf nou 'n **kort advertensie** en sluit die volgende in:

- **Besprek** jou kwalifikasie en ondervinding.
- **Prys** van jou dienste.
- **Rede** waarom jy dink jy goed hiermee is.
- **Noem** die funksies/geleenthede waarvoor jy kans sien.

Instruksies:

1. Gebruik die **onderstaande struktuur vir jou advertensie**.
2. Beplan jou skryfstuk voordat jy dit neerskryf.
3. Skryf die totale aantal woorde onderaan jou advertensie neer.

Die inhoud van jou advertensie moet tussen **60 en 100 woorde** wees.

Diens	
Prys	
Beskrywing	

[10]

TOTAAL AFDELING B: 30 punte**TOTAAL 100**

eduresourceza.com